Verandering van die Raad van Direkteure

2007-07-26

Mnr Leon Crouse, hooffinansiële beampte van Vodacom, sal hom op 1 April 2008 as aangewese finansiële direkteur by Remgro Beperk aansluit met die oog daarop om mnr Denis Falck op te volg wat in die loop van 2008 aftree.

Mnr Crouse was voorheen in die Rembrandt-maatskappyegroep werksaam in sy hoedanigheid as finansiële bestuurder van Rembrandt Groep Beperk in 1986 en as finansiële kontroleur van Richemont van 1987 tot 1993. In 1993 het hy hom as stigterlid by Vodacom se bestuurspan aangesluit wat die selfoonmaatskappy die daaropvolgende jaar geloods het. As hooffinansiële beampte het mnr Crouse ‘n groot aandeel in Vodacom se volgehoue sukses gehad.

Mnr Falck het hom in 1971 by Rembrandt Groep aangesluit en het oor sy dienstermyn van 36 jaar verskeie sleutelposte beklee. Hy is sedert 1990 finansiële direkteur van die groep.